**12 JUNIE** **SKRIFGEDEELTE: PSALMS 50**

**Fokusgedeelte: Psalms 50:23**

## Eer God met jou hart en met jou lewe

Psalm 50 laat ons baie diep nadink oor ons verhouding met die Here. Godsdiens kan nogal maklik ‘n saak van blote plig of roetine word. So was dit destyds met die Here se volk. Hulle het baie gereeld hulle brandoffers voor die Here gebring. Van buite het dit goed gelyk. Hulle harte was egter nie aan die Here verbind nie. Wonderlike dinge wat ons doen – soos om te bid, om ons Bybels te lees, om te sing of om eredienste by te woon – kan blote vormgodsdiens, uiterlike rituele en roetine word. Dit gebeur as dit nie gepaard gaan met harte wat opreg aan die Here verbind is nie. Dan is ons besig met godsdienstige pligte, maar nie met God nie en geld die woorde van Jesus destyds aan die Fariseërs ook vir ons: "Hierdie volk eer My met die mond, maar hulle hart is ver van My af" (Matt 15:8).

Ons moet die lewende God dien vanuit ‘n lewende, egte en persoonlike hartsverhouding. Vanuit die binneste van ons hart moet ons in liefde en vertroue naby Hom lewe. Met opregte harte moet ons Hom loof en dank en sy Naam aanroep.

Wanneer ons so in ‘n hartsverhouding naby God leef, sal ons Hom ook met ons lewens eer. "Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie"(Joh 15:5). So het Jesus op ‘n keer aan sy dissipels gesê. Dan word ons kennis van die Bybel praktyk in ons lewens. Dan word ons gehoorsame daders en nie net hoorders van die Woord nie. Dan skyn ons lig in ‘n donker wêreld deur goeie werke volgens die wil van die Here. Eer die Here vandag en elke dag met jou hart en met jou lewe!

*Sing: Skrifberyming 24:2* *Ds Wicus van der Vyver (Roodepoort)*